

Alle mense is skuldig voor die regverdige God (OP271)

Romeine 3:1-20

18 Oktober 2026

Verlede week het ons besin oor Paulus wat die Jode, en by implikasie ook ons, aangespreek het omdat hulle hulle skuldig gemaak het aan selfregverdiging. Hulle was baie trots daarop om Jode te wees, hulle was trots omdat hulle God se wet besit het, hulle was trots want hulle het 'n verhouding met die Verbondsgod gehad, boonop het hulle kennis van God se wil gehad, onderskeidingsvermoë oor wat werklik saak maak, en hulle kon selfs leiding gee aan ander. Paulus het dit egter duidelik gemaak hierdie selfregverdiging is dwaasheid – want al het hulle ander geleer, het hulle nie self God se wet gehou nie. Immers is dit nie die hoorders, of besitters, van die wet wat voor God geregverdig is nie, dit is die daders van die wet. Boonop het die Jode hulle ook beroem op hulle fisiese besnydenis. Maar Paulus het hier ook vir hulle gewys dat hulle fisiese besnydenis geen voordeel inhou as hulle nie die wet onderhou nie – dan verander hulle besnedenheid eenvoudig in onbesnedenheid. Die punt is: Iemand is waarlik 'n Jood as hy innerlik aan die hart besny is. Die uiterlike fisiese besnydenis wys na die noodsaak van hierdie innerlike hartsbesnydenis. Dit het die Here alreeds in die Ou Testament herhaaldelik uitgelig. Iemand wat so innerlik in sy hart besny is, sal lof van God ontvang – veral ook in die dag van oordeel.

Dit bring ons by Romeine 3. Vandag wil ek Rom 3:1-20 hanteer. Twee onderwerpe word aangeraak: (1) Paulus voorsien dat daar besware mag wees van die Jode oor sy lering tot dusver in Rom 2:17-29. Hy hanteer hierdie besware in Rom 3:1-8. (2) Daarna som Paulus alles op wat hy vanaf Rom 1:18 tot hiertoe geredeneer het, en dit is: Alle mense staan skuldig voor God (Rom 3:9-20). Kom ons kyk in meer detail na hierdie twee onderwerpe.

Besware teen Paulus se lering in Rom 2:17-29

Kom ons fokus eers op verse 1-8. In hierdie verse veronderstel Paulus dat daar sekere vrae of besware kan wees na aanleiding van wat hy tot dusver geleer het. In verse 1-8 hanteer Paulus vier moontlike besware. Kom ons kyk hierna:

- **Beswaar 1 (v1-2):** Lees verse 1-2. Die eerste beswaar wat iemand sou kon opper, is: Wat is dan die voordeel om 'n Jood te wees? Dit is tog sekerlik 'n logiese vraag om te vra. Onthou Paulus het geredeneer daar is nie veel nut in om die wet te hê nie – dit was juis die Jode wat God se wet gehad het. Paulus het ook geredeneer daar is nie veel nut in al die ander dinge waarop die Jode so trots was nie, want hulle onderhou nie die wet nie. Paulus het geredeneer daar is nie veel nut in om fisies besny te wees nie, nee, 'n hartsbesnydenis is noodsaaklik. Wel, as dit alles waar is, watter voordeel is daar dan om 'n Jood te wees? Ons sou verwag Paulus sou antwoord: Daar is geen voordeel in nie! Dis tog die strekking van sy redenasie tot hiertoe. Maar dit is nie wat Paulus antwoord nie. Sy antwoord is: “Baie, in elke opsig”! Dit is verrassend. En ons wil ook nou sê: “Kom aan, Paulus. Nou moet jy mooi verduidelik.”

En Paulus verduidelik. Later, in Rom 9, kom Paulus terug na hierdie voordeel – en daar brei hy in meer detail uit oor hierdie voordeel. Maar kom ons beperk ons oordenking tot wat Paulus in vers 2 sê: “Want in die eerste plek is die woorde van God aan hulle toevertrou.” Let op: Die woorde van God is aan die Jode toevertrou. Tot dusver het die klem geval op die Jode wat die wet van God ontvang het – die wet wat beskryf hoe die Here verwag het dat hulle moet leef. Maar Paulus herinner sy lesers die Jode het meer as die wet van God

ontvang – hulle het God se woorde ontvang, d.w.s. hulle het God se openbaring aan hulle ontvang, hulle het die hele Ou Testament ontvang. En die Ou Testament bestaan uit baie meer as net die wet van God: Die Ou Testament bevat Gen 1 en 2 waar die doel van God met die hele skepping, insluitend die mens, verduidelik word. Dit sluit Gen 3 in, wat verduidelik hoekom daar sonde in die wêreld is, maar dit bevat ook God se belofte van die Een wat gaan kom om die satan te oorwin. Dit bevat die duidelike waarskuwing van God se komende oordeel in die tyd van Noag, maar ook God se belofte dat Hy die aarde in stand sal hou tot met die oordeel. Dit bevat die ryk beloftes aan Abraham van 'n nageslag uit alle nasies en woonplek in die beloofde land. Dit bevat die geskiedenis van hoe Abraham se nageslag gegroei het tot 'n groot nasie, soveel so dat hulle die Egiptenaars bang gemaak het. Dit bevat God se verlossing van die volk uit Egipte. En eers daarna bevat dit die gee van die wet by Sinai – as 'n voorskrif van hoe God wil hê Sy verlore volk nou moet leef. Maar dit bevat ook die voorskrifte vir die bou van die tabernakel, en die gepaardgaande offers waardeur die volk vir vergifnis kon vra wanneer hulle die wet oortree. Dit bevat die belofte van die komende Koning uit Dawid se nageslag wat vir altyd op die troon sal sit. Kortom, die Jode het God se openbaring besit oor God se plan met hulle en met die hele wêreld – baie meer as net die wet. Geen ander nasie het dit ontvang nie – natuurlik is dit in elke opsig 'n voordeel.

Maar hierdie voordeel bring ook 'n verantwoordelikheid. Hulle moet nou leef soos wat die Here wil. Hulle moet hulle ingrawe in God se plan en doel. Hulle moet hulle sondes bely. Hulle moet die nodige offers bring vir hulle sondes. En hulle moet veral uitsien na die koms van die beloofde Gesalfde. Hulle verantwoordelikheid was baie meer as om net fisies besny te wees, net uiterlik offers te bring – hulle moes God met hart en siel liefhê. Die Ou Testament maak dit ook duidelik hoe dikwels en hoe ver hulle tekort geskiet het. Die besit van die wet en die fisiese besnydenis was nie genoeg nie – veral nie siende dat hulle bevoorreg was deurdat God Sy woorde aan hulle toevertrou het nie! Die harde realiteite was dat hulle, of ten minste sommige van hulle, ontrou was aan God se verwagting van hulle. Maar hulle het die voordeel gehad om God se woorde te mog ontvang.

- **Beswaar 2 (v3-4):** Lees verse 3-4. Die beswaar in hierdie verse is as volg: So God het Sy plan aan die Jode bekend gemaak. Hierdie plan het ryke beloftes ingehou, maar ook verwagtinge van God. Soos ons sopas gesien het, was ten minste sommige van die Jode ontrou aan die verwagtinge van die Here. Is die gevolg hiervan nou dat God Sy plan sou opskort, en dus ook Sy beloftes sou terugtrek? Sou God nou ook ontrou word aan Sy beloftes?

Paulus se antwoord hierop is: “Hoegenaamd nie. Al is elke mens vals, laat God waaragtig wees.” Natuurlik was dit ook al in die Ou Testament duidelik – kyk maar net hoe dikwels die volk aan God ontrou was, en tog was Hy deurgaans die Een wat getrou gebly het aan Sy beloftes. Of kyk na Ps 119:160: “Die wese van U woord is betroubaarheid, en elkeen van U regverdige beslissings is vir ewig.” Hoor jy dit? Die wese van God se woord is betroubaarheid – dis die aard, die natuur van God se woord – dit is betroubaar. Sy regverdige beslissings is vir ewig – ongeag of die Jode Sy verwagtinge nakom of nie. Daarteenoor is die probleem dat alle mense leuenaars is, sê Ps 116:11.

Hendriksen vergelyk dit met 'n student wat aan die universiteit gaan studeer. Gestel die student kom uit 'n goeie gesin – dus is geld nie 'n probleem om vir sy studies te betaal nie. Gestel die student is intellektueel begaafd – dus is hy in staat om die kursus te voltooi. Gestel die universiteit is van die bestes met die beste professore – dus kan die student goeie

opleiding ontvang. Maar gestel die student voltooi nie sy studies suksesvol nie: Wie se skuld is dit? Die universiteit s'n? Sy omstandighede? Sy ouers s'n? Natuurlik nie – die probleem is die student se gebrek aan nakoming van sy verantwoordelikheid. Netso was die Joodse volk ook verantwoordelik vir hulle ontrou. Dit beteken egter nie God gaan nou ook ontrou word aan Sy beloftes nie – nee, Hy bly getrou – dit is Sy wese.

En dan voeg Paulus ook by in vers 4: “sodat U reg bewys kan word deur U woorde, en U sal wen wanneer U oordeel.” Dit is ‘n aanhaling van Ps 51:6 waar Dawid, na sy sonde met Batseba, bely: “Teen U, U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë, sodat U gelyk sal hê as U uitspraak lewer, volkome reg wanneer U oordeel.” Wat is die punt? Dawid erken hy het gesondig. Hy erken hy moet deur God geoordeel word oor sy sonde. Hy erken ook dat God regverdig sal oordeel. Uit God se oordeel sal dit duidelik word dat hy, Dawid, die een is wat onregverdig is, maar God daarenteen is die Een wat regverdig is. Die punt is dat Dawid erken sy eie ongeregtheid maak die regverdigheid van God duidelik. God se regverdigheid word duidelik deurdat God regverdig oordeel oor Dawid se ongeregtheid. God se regverdigheid sou nie so duidelik gewees het as Dawid nie gesondig het nie. Dit gee direk aanleiding tot die derde beswaar.

- **Beswaar 3 (v5-6):** Lees verse 5-6. Die beswaar is: As dit dan so is, dat ons ongeregtheid God se regverdigheid bewys, oftewel sigbaar maak (soos wat die geval met Dawid was), is God dan nie onregverdig as Hy ons oordeel deel nie? Hierdie beswaar redeneer dat God tog voordeel trek uit ons sondes – want dit is wanneer ons sondig dat God se sondeloosheid en Sy regverdigheid na vore kom. In effek, redeneer hierdie beswaar, doen ons God ‘n guns wanneer ons sondig – want dan word God se regverdigheid en sondeloosheid al hoe duideliker. Paulus maak sy misnoeë oor hierdie redenasie duidelik as hy sê: “ek redeneer nou soos ‘n mens” – daarmee wil hy sê dit is voorwaar net ‘n mens, en meer spesifiek, net ‘n sondige mens, wat so kan redeneer.

In vers 6 lig Paulus die dwaasheid van hierdie redenasie uit: “Want hoe sal God dan oor die wêreld oordeel?” Hierdie redenasie is eenvoudig onlogies – dink daarvoor: Die redenasie is: As ons sondig, word God se regverdigheid duidelik uit God se oordeel. Die redenasie gaan dan verder en sê dit sal tog nou onregverdig wees as God ons oordeel – immers trek Hy voordeel uit ons sonde. Sien jy die probleem? Die redenasie is dat God ons nie moet oordeel nie – want Hy trek voordeel uit ons sonde, omdat Sy regverdigheid duidelik word. Ja, maar Sy regverdigheid word net duidelik wanneer Hy oordeel. Dit is eenvoudig onlogies en dwaas om te redeneer God moet nie oordeel nie as ons sondig nie – dit is immers juis in Sy oordeel oor ons sonde dat Sy regverdigheid duidelik word. En daarom sê Paulus in vers 6 hoe sal God dan oor die wêreld kan oordeel as Hy, volgens hierdie redenasie, nie mag oordeel nie?

- **Beswaar 4 (v7-8):** Lees verse 7-8. Hierdie beswaar vloei voort uit die vorige beswaar, maar gaan selfs nog verder. Ek glo die beswaarde persoon moes insien sy vorige beswaar was eenvoudig onlogies: Mens kan nie redeneer God moet ons nie oordeel oor ons sonde nie, omdat God voordeel trek uit ons sonde deurdat Hy regverdig oordeel nie – as God nie mag oordeel nie, trek God dus nie voordeel uit ons sonde nie – en die hele redenasie val plat.

Nou probeer die beswaarde persoon ‘n soortgelyke, maar tog ook verskillende argument: As dit so is dat ons valsheid God se waarheid uitlig en onderstreep, waarom word ons dan as sondaars geoordeel? Ons moet eerstens besin oor watter waarheid van God hier sprake is en wat deur ons sonde uitgelig en onderstreep word?

Wat is die ander manier waarop God reageer wanneer ons sondig, as dit nie is deur ons te oordeel nie? Natuurlik as Hy aan ons genade bewys deur ons te vergewe op grond van die werk van die Here Jesus. Dit is 'n heerlike waarheid wat Paulus vanaf Rom 3:21 in detail wil beredeneer. Daardeer word God se goedheid en genade en ontferming en liefde vir sondaars duidelik. So word God se heerlikheid duidelik gemaak en onderstreep. En, is die redenasie, dit alles word duidelik as gevolg van ons valsheid. Ons valsheid het dus baie goeie gevolge – veral word God se heerlikheid sigbaar gemaak deur ons valsheid. Hoekom moet ons dan nog as sondaars geoordeel word? Ons valsheid is eintlik “goed”! Dit is hoe Paulus hierdie redenasie in vers 8 opsom: “Kom ons doen die slegte, sodat die goeie daaruit kan voortkom.” Paulus sê daar is mense wat hom daarvan beskuldig dat hy dit sou geleer het – in Rom 6 keer Paulus terug na hierdie onderwerp om dit in meer detail aan te spreek en te veroordeel.

Maar hier in Rom 3:8 volstaan Paulus met: “Tereg verdien sulke mense hulle veroordeling”. Duidelik distansieer Paulus hom van hierdie redenasie. En Paulus redeneer hulle verdien God se oordeel – hulle verstaan eenvoudig nie God se genadewerk nie, hulle redeneer godslasterlik deur te redeneer dat hulle valsheid en sondigheid tot God se heerlikheid bydra. Eintlik is dit so verregaande dat Paulus eenvoudig volstaan met: Hulle verdien hulle veroordeling.

Dit is die vier besware wat Paulus voorsien het iemand sou kon maak na aanleiding van sy lering tot dusver. Kom ons dink vir 'n oomblik oor die implikasies hiervan vir ons.

Ek glo dit is duidelik: Om bloot die Bybel te besit en om bloot deel te neem aan kerklike aktiwiteite, soos erediensbywoning en selfs die gebruik van die sakramente, gaan jou nie red nie. Alhoewel dit op sigself jou nie gaan red nie, is dit tog 'n groot voordeel om hierdie geleenthede te mag besit en aan deel te neem – ten minste word jy gekonfronteer met God se Woord, wat jou aanspoor om Sy wil te doen. Daar is egter baie mense wat deelneem aan hierdie voorregte, maar wat nooit voordeel trek uit die voorregte nie. Maar dit beteken nie dat hierdie voorregte nou nie meer voorregte is nie. Die feit dat mense ontrou is en nie die voorregte gebruik om die voordeel daaruit te trek nie, beteken nie dat God ontrou word aan Sy beloftes nie. Al is hulle ontrou, Hy bly getrou. Hier is die verstommende: hulle ontrouheid onderstreep juis Sy getrouheid!

Maar, moet nie eers begin om te wil redeneer dat hierdie mense se ontrouheid aan God 'n guns bewys het nie. Moet nie eers begin om te redeneer dat hoe meer ons sondig, hoe meer voordeel trek God hieruit nie. Moet nie eers begin om te redeneer omdat ons so baie sonde doen, ontvang Hy soveel heerlikheid dat Hy ons nie meer sal oordeel nie. Dit sou teen God se wese wees – en dit is onmoontlik vir God om optree op 'n manier wat strydig is met Sy wese. God gaan oor alle sonde oordeel. Ongeag hoe goed ons dink ons regverdiging vir ons sondes is, God gaan steeds oor alle sondes oordeel. En almal wat sonde aanmoedig, veral die wat dit sogenaamd doen in die Naam van God, wat dit sogenaamd doen tot Sy verheerliking, kan verseker veroordeling verwag. En God se oordeel oor hulle sal regverdig wees.

Alle mense staan skuldig voor God (Rom 3:9-20)

Paulus vat nou sy lering wat hy vanaf Rom 1:18 gegee het tot hiertoe, saam. Lees Rom 3:9. Paulus vra: “Wat dan? Is ons beter daaraan toe?” Uit die res van vers 9 is dit duidelik dat die saak waaroor die vers handel, is: Wie is skuldig aan sonde? Maar Paulus begin deur te vra: “Is ons beter daaraan toe?” Wat ons oor moet besin, is: Wie is die “ons”? In die 2020 DAV is daar 'n onderskrif wat sê dit verwys na die Jode. In die 1983 NAV staan daar spesifiek dit is die Jode, maar die OAV verwys nie

spesifiek na Jode nie. Verder is dit ook so dat die meeste kommentare saamstem dat Paulus met die “ons” na die Jode verwys – immers was Paulus self ‘n Jood. Immers het Paulus ook sopas geredeneer dat die Jode ook skuldig is aan sonde, soos wat hy ook al vroeër in hoofstuk 1 geredeneer het waar is van die Grieke, oftewel die heidennasies. En ek het nie te veel van ‘n probleem met hierdie interpretasie nie.

Maar ek dink tog dat Hendriksen ook ‘n punt beet het as hy sê hy is nie so seker dat Paulus die Jode in gedagte het nie. Alhoewel dit waar is dat Paulus ook ‘n Jood was, het Paulus homself nie met die Jode geïdentifiseer in sy beredenering tot hier toe nie. Hendriksen suggereer dat Paulus moontlik eerder na sy lesers verwys: die gelowiges in Rome. Ons het vroeër al opgelet dat hulle grotendeels gelowiges was uit die heidennasies. Na Paulus se beredenering sedert hoofstuk 1 dat beide die Grieke en die Jode skuldig is aan sonde en dat almal onder die oordeel van God staan, vra Paulus nou die vraag: “Maar wat van ons – ons, ek en julle, my lesers – die gelowiges in Rome? Ons wat gelowiges is – ek afkomstig uit die Jode, en baie van julle afkomstig uit die Grieke, oftewel die heidennasies. Is ons beter daaraan toe as die Jode en die Grieke?” En sy antwoord is: “Hoegenaamd nie! Siende dat beide die Jode en die Grieke skuldig is aan sonde, siende dat ons ook óf uit die Jode óf uit die Grieke kom, daarom is ons ook skuldig, soos hulle.” Dit beteken natuurlik, by implikasie, dat ons as gelowiges in die 21ste eeu ook skuldig is.

In verse 10-18 haal Paulus verskeie Ou Testamentiese gedeeltes aan wat onderstreep dat letterlik alle mense skuldig is voor God. Onthou, die Jode het die Ou Testament gehad – hulle moes geweet het dat hulle skuldig is voor God – die Ou Testament het dit geleer. Dit moes hulle valse vertroue op die besit van die wet getem het, maar ongelukkig het dit nie die effek gehad nie – hulle is dus ook skuldig.

Kom ons kyk na die inhoud van die Ou Testamentiese aanhalings. Ons kan dit in drie groepe verdeel:

- Verse 10-12: Lees dit. Hierdie is ‘n aanhaling van Ps 14:1-3, 53:2-4 en Pred 7:20. In hierdie verse gaan dit oor alle mense – letterlik alle mense. Dit gaan oor die aard van die mense. Vers 12 sê hulle het almal ontaard. Wat beteken dit? Wel, God het die mens goed gemaak – hulle kon God se opdragte getrou uitvoer met die skepping. Maar die mens het anders besluit – hulle wou self soos God wees – toe het hulle in sonde geval. En die gevolg is, hulle het ontaard. Hulle het misluk, en het ontaard. Dit was nie beperk tot Adam en Eva nie. Nee, dit is waar van alle mense. Almal het ontaard. Gevolglik is niemand regverdig nie – selfs nie een nie. Niemand is verstandig nie. Niemand soek God nie. Daar is niemand wat goed doen nie – selfs nie een nie! En die ergste is: dit is hulle aard, dit is wat hulle wil doen. Dit is wat hulle gelukkig maak om te doen. Dit is wat hulle is – hulle is sondaars. Geliefdes, dit is waar van elkeen van ons. Dit is wat ons van nature is – sondaars!
- Verse 13-14: Lees dit. Hierdie is ‘n aanhaling van Ps 5:10 en 140:4. Onthou nou, Paulus is besig om te motiveer dat alle mense skuldig is aan sonde, dat alle mense ‘n sondige natuur het. Gevolglik fokus Paulus nou op iets wat alle mense doen: Ons almal praat. Maar, sê Paulus, kyk hoe praat ons: Ons kele is soos ‘n oop graf vir ander om in te val. Ons gebruik ons monde om ander te bedrieg. Ons vervloek ander mense en sê hulle sleg. Ons is vol bitterheid in ons gesprekke en wil niemand iets gun nie. Hierdie manier van praat is die gevolg van ons sondige aard – dit wys hoe ons is. Kan enigeen van ons werklik met integriteit redeneer dit is nie waar van ons nie?
- Verse 15-18: Lees dit. Hierdie is aanhalings van Spr 1:16, Jes 59:7-8 en Ps 36:2. Nou beweeg Paulus aan van praat na wat ons doen. Maar die antwoord bly dieselfde: Ons is haastig om bloed te vergiet, ons verwoes gedurigdeur, ons veroorsaak ellende waar ons ook al gaan,

vrede is nie hoog op ons agenda nie – eerder haat en afguns. Kyk maar net na ons wêreld. En waar is die wortel van die probleem? Vers 18 sê daar is geen vrees vir God nie.

Sien jy die prentjie wat Paulus, o.l.v. die Heilige Gees, skets? Alle mense het 'n sondige aard. Daarom is ons almal se woorde gevul met sonde. Daarom is ons almal se dade gevul met sonde. Natuurlik is ons nie almal skuldig aan alle sondes nie. Maar daar is nie een van ons wat kan redeneer ons is glad nie skuldig aan enige sonde nie.

Lees vers 19-20. Paulus vat dit alles saam. Hier is die tragedie: God het Sy wet aan die mensdom gegee. Die Jode het dit ontvang. Die gelowiges het dit steeds. Selfs die heidene het iets van God se wet wat op hulle harte geskryf staan. En tog is ons almal skuldig. Elke sondaarmens het nie 'n verskoning nie – as God gaan oordeel staan ons almal met 'n mond vol tande, en weet nie wat om te sê nie. Ons staan eenvoudig almal skuldig voor God omdat ons almal Sy wet oortree het. Die nut van die wet is dat dit ons leer wat sonde is, en ons kan sien ons het sonde. Maar dit los nie die probleem op nie – ons is steeds skuldig. Nie net het ons al die wet oortree nie, ons doen dit steeds.

Afsluiting

Ek wil afsluit deur saam te vat wat ons tot hiertoe geleer het uit Rom 1-3. Ek vat dit saam soos gesien uit die hoek van 'n gelowige.

Die harde realiteit is: Ons is sondaars. Ons is sondaars en God gaan oor ons oordeel. Daar is geen manier waarop ons aan God se oordeel kan ontkom nie. Op die oordeelsdag gaan ons ook voor God se regterstoel verskyn. Ja, ons as gelowiges, het baie voordele: Ons het God se Woord, insluitend Sy wet, ons kan Sy Woord bestudeer, ons kan deel wees van 'n gemeente en saamkom in eredienste, ons kan selfs deelneem aan die sakramente – ons kan gedoop wees en die nagmaal gebruik. Dit alles is baie waardevolle voordele waarvan ons gebruik kan maak, en waarvan ons behoort gebruik te maak. Maar nie enige van die voordele gaan ons red in die komende oordeel nie. Nee, voor die Here is ons netso skuldig as al die ander mense. Ja, die wet in God se Woord leer ons wat sonde is – ja, nou weet ons ons het sonde. Maar die wet kan ons nie in die oordeel help nie. Die probleem is: ons het almal alreeds sonde gepleeg – daar is letterlik niks wat ons kan aanbied om hierdie sonde ongedaan te maak nie. Maar die probleem is nog groter: Ons het boonop 'n sondige aard, ons is in wese sondaars. Daarom doen ons steeds sonde – kyk maar net hoe praat ons, kyk maar net na ons dade. Ons is skuldig voor die driemaal Heilige God. Ons is so skuldig as wat kan kom. Daar is nie hoop vir ons nie – nie soos ons is nie. Daar is niks wat ons kan doen om onself te verlos van die komende oordeel en veroordeling nie. Nee, ons gaan geoordeel word – en ons gaan veroordeel word. Dit is wat ons verdien, en dit is wat God se regverdigheid eis. Ons verdien God se toorn. Dit is wat vir ons wag.....

Behalwe as daar 'n ander manier is om geregtigheid voor God te verkry.... 'n manier wat nie volmaakte wetsonderhouding nodig het nie..... Die vraag is: Is daar so 'n manier?